

HOOFSTUK 6

DIE GEBRUIK VAN SPEL IN GESINSTERAPIE

6.1 ONTWIKKELING VAN SPEL AS TERAPEUTIESE MEDIUM

Die gebruik van spel as terapeutiese medium is vir die eerste keer in 1909 deur Freud gebruik in sy spelanalise van Klein Hans. Freud het die speltherapie primêr gebruik om die rol wat infantiele seksualiteit in neurotiese simptome van volwassenes speel, na te gaan. Hy het egter nie sy idees rondom spelanalises uitgebrei nie. Ander psigo-analiste soos Anna Freud (1928), Melanie Klein (1932) en Magaret Lowenfield (1939), ontwikkel die psigo-analitiese gebruik van spel verder. Freud (1928) en Klein (1932) maak primêr van vrye spel-aktiwiteite gebruik. Beide sien spel as die medium waardeur 'n kind uitdrukking gee aan sy onbewuste behoeftes en konflikte. (Haworth, 1964).

In die laat veertiger jare vind daar 'n nuwe ontwikkeling plaas in die gebruik van spel as medium in terapie. Axline (1947) ontwikkel haar non-direktiewe speltherapie wat sy baseer op die beginsel van Rogers se kliëntgesentreerde psigoterapie. Die verhouding tussen die terapeut en die kind word deur Axline as die belangrikste element in terapie beskou. Die regte terapeutiese verhouding volgens Axline, word gekenmerk deur onvoorwaardelike aanvaarding en 'n permissiewe houding wat vrye spel en selfekspresie fasiliteer. Moustakas (1953) met sy eksistensiële benadering tot speltherapie, sluit by Axline aan deur ook die verhouding tussen die terapeut en die kind as die deurslaggewende faktor in die sukses van speltherapie te sien.

In die sewentiger jare ontwikkel 'n meer eklektiese benadering in speltherapieë. Die terapeute gebruik aspekte van beide die psigoanalitiese en die non-direktiewe speltherapie. Voorbeelde van eklektiese terapieë is die van Winnicot (1971) en Mook (1978). Winnicot (1971) is van mening dat 'n kind se spel inherent alleshet wat terapeuties nodig is, omdat die

terapeutiese suksesse voorkom wanneer die kind hom/haar self in speltherapie verras en nie wanneer die terapeut 'n goeie interpretasie maak nie. Hy fokus primêr op die kind se eie groeipotensiaal alhoewel hy van psigo-analitiese tegnieke gebruik maak wanneer fiksasies in die kind se ontwikkeling voorkom. Gildehuys (1980) toon aan hoedat Mook (1978) in haar meer eklektiese benadering klem lê op sensoriese betrokkeheid in speltherapie (deur middel van die aktivering van 'n kind se verbeelding), sowel as op die interpersoonlike verhouding waarbinne die spel plaasvind.

In die bogenoemde speltherapieë is die kind met probleme hoofsaaklik individueel in speltherapie behandel. Alhoewel selde, het sommige terapeute spel as terapeutiese medium in groepe gebruik, byvoorbeeld Axline (1947). Die gesin van 'n kind in speltherapie is egter selde betrek, indien wel, is die ouers meestal net toegelaat om passief waar te neem. Die verantwoordelikheid om die spelaktiwiteite te bepaal was totaal op die kind geplaas en die terapeut se rol was non-direktief en/of interpreterend.

Spel as terapeutiese medium het vanaf die vroeg sewentiger jare verder veranderinge en ontwikkeling ondergaan. In Schaefer *et al.* (1983) bespreek Peoples sy "Fair Play Therapy" wat hy grootliks op Glasser se realiteitsterapie baseer. Hy gebruik spel om die kind met probleme die geleentheid te gee om probleemoplossingsvaardighede asook interpersoonlike-vaardighede aan te leer. Die terapeut se rol in "Fair Play Therapy", is aktief en die terapeut stel ook eksplisiete eise vir aanvaarbare gedrag aan die kind. Die terapeut benut spesifieke spelaktiwiteite soos vingerpoppe, die pophuis, modelleerklei en verfaktiwiteite.

Nickerson en O'Laughlin bespreek in Schaefer (1983) hoe selfs kommersiële en ander gestruktureerde speletjies as hulpmiddel in psigoterapie met kinders gebruik word. 'n Voorbeeld waarna laasgenoemde skrywers verwys is die

"Squiggle Drawing Game" van Claman (1980) wat hy as hulpmiddel gebruik om weerstand van kinders in terapie te verminder. Verder bespreek Nickerson en O'Laughlin verskeie speletjies wat deur terapeute as kern van die terapeutiese proses aangewend word, waaronder Schachter (1975) se "Kinetic Psychotherapy". Dit is 'n tipe groepterapie wat bekende kinderspeletjies as medium gebruik binne 'n bepaalde terapeutiese proses. In Jernberg (1979) se "Theraplay" word gestruktureerde spelaktiwiteite ook primêr gebruik om die terapeutiese verhouding tussen die kind en die terapeut op te bou. Die gestruktureerde spelaktiwiteite word gekenmerk deur fisiese kontak, intimiteit en plesier. "Theraplay" word deur Jernberg met individue, groepe en gesinne gebruik.

Die rasionaal vir die gestruktureerde spelaktiwiteite wat Jernberg (1979) in "Theraplay" gebruik, fundeer sy op die interaksionele aard van die vroeë moeder-kindverhouding, asook die belang daarvan vir die kind se verdere ontwikkeling. Sy beskryf die moeder-kindverhouding net na geboorte as primêr konkreet en fisies. Die moeder vertroetel en versorg hom, speel met hom, verras hom, en daag hom uit en stel perke aan hom. Dit lok sekere reaksies by die kind uit wat die moeder se verdere reaksies beïnvloed. Die effek wat hierdie vroeë moeder-kind interaksie op die kind het, beskryf Jernberg (1979, p. 5) soos volg: "The baby comes to see himself as clearly differentiated, attractive, safe, enjoyable to be with, lovable and capable of making an impact."

Die kommunikasieproses tussen die moeder en kind soos deur Jernberg (1979) beskryf, bestaan aanvanklik hoofsaaklik uit wedersydse nie-verbale gedrag omdat die kind nog glad nie simbole en abstrakte begrippe kan gebruik nie. Gevolglik is hulle wedersydse kommunikasie pre-verbaal en pre-simbolies. Deur die gestruktureerde spelaktiwiteite word die vroeë moeder-kind interaksies deur die terapeut en die kind in die terapie op 'n genotvolle en speelse wyse herhaal. Hierdie gestruktureerde spelaktiwiteite word deur Jernberg in vier groepe aktiwiteite verdeel: vertroeteling, uitdaging, indringing en strukturering.

Die kombinasie waarin hierdie aktiwiteite gebruik word, word deeglik deur die terapeut beplan na gelang van die probleem van elke kind.

Die rol van die spelterapeut het vanaf die sewentiger jare merkbaar verander. Die terapeut vertolk meestal 'n meer aktiewe en direkte rol en is verantwoordelik vir die beplanning en strukturering van die spelaktiwiteite wat terapieë gebruik word. In bostaande bespreking van die ontwikkeling van spel as terapeutiese medium, blyk dit duidelik hoe die klem geleidelik verskuif het van 'n intrapsigiese na 'n meer interpersoonlike gebruik van spel. Die interpersoonlike gebruik van spel is egter hoofsaaklik beperk tot individuele- en groepsterapie en gesinne is selde direk en aktief betrek in bogenoemde speltherapieë. Ouers is soms betrek vir oerleiding, individuele psigoterapie of om hul kinders se speltherapieë passief waar te neem. Jernberg (1979) was van die eerste spelterapeute wat in haar "Family Theraplay" die ouers direk en aktief betrek het in speltherapie met hul kinders.

Vanaf die vroeë sestiger jare ontwikkel gesinsterapie, gefundeer op die algemene sisteemsteorie, as 'n nuwe benadering tot die evaluering en behandeling van kinderproblematiek. Die gesinsterapeut beskou die kind met probleme as 'n inherente deel van 'n gesinsisteem. Hierdie gesinsisteem gee aanleiding tot die kind se problematiek of hou die kind se problematiek in stand. Op grond van dié gesinsterapeute se siening dat die kind se problematiek die gevolg van 'n nie-funksionele gesinsisteem is, word die hele gesin direk en aktief in die terapeutiese proses betrek. Die gesinsterapeute het dus wegbeweeg van speltherapie as die primêre behandelingsmetode van kinders met probleme.

In gesinsterapie is dit belangrik dat al die gesinslede sinvol betrek word in die terapeutiese proses. Omdat die gesinsterapeutiese proses aanvanklik meer verbaal was, en

dus moeilik verstaanbaar vir jonger kinders, het sommige gesinsterapeute spesifieke tegnieke ontwikkel om dié kinders sinvol by dié proses te betrek (Barker, 1981). Hierdie tegnieke het meestal spel as terapeutiese medium op een of ander wyse benut. Simon (1972) se "Sculpting" tegniek; Irwin en Malloy (1975) se "Family Puppet Interview" in Schaefer *et al.* (1983); Dare en Lindsay (1979) se gebruik van 'n stamboom (geneogram) in gesinsterapie; asook Ziegler (1980) se "Task-focused" terapie met gesinne, is voorbeelde hiervan. In hierdie tegnieke word spel net vir gedeeltes van gesinsterapie sessies gebruik en meestal net as 'n hulpmiddel vir die evaluering van gesinsfunksionering en gesinsproblematiek.

Terapeute soos Andolfi (1979), Dare en Lindsay (1979), Jernberg (1979) en Griff in Schaefer *et al.* (1983), is oortuig dat spel nie net as 'n gesinsterapeutiese evalueringstegniek gebruik kan word nie, maar dat spel inherent terapeutiese waarde het en in gesinsterapie veral met jong kinders essensieel is.

6.2 RASIONAAL VAN SPEL AS TERAPEUTIESE TEGNIEK IN GESINSTERAPIE

6.2.1 Spel as natuurlike wyse van selfekspresie by die kind

Andolfi (1979) wys uit dat in die laaste vyftig jaar kinders as persone met hul eie individualiteit beskou is en nie bloot as miniatuur grootmense nie. Volgens hom het hulle dus die reg om hul gedagtes, gevoelens en opinies uit te druk in hulle eie idioom, naamlik spel. Gevolglik is Andolfi (1979) van mening dat spel die een uitstaande tegniek is om jong kinders sinvol by die proses van gesinsterapie te betrek. Hierdie standpunt word deur skrywers soos Griff in Schaefer *et al.* (1983), La Monte Ohlson (1974), Orgun (1973) en Sheedy (1978) ondersteun. Spel in die terapeutiese opset, stel 'n kind op sy gemak en stel hom in staat om hom/haarself op 'n natuurlike wyse uit te druk, aldus Dare en Lindsay (1979).

Andolfi (1979) noem verder dat die aanmoediging van die kinders se spel daartoe lei dat beide ouers en kinders meer optimisties voel en gemotiveer is om deel te neem aan terapie.

6.2.2 Spel as kommunikasiewyse van die kind

Die kind se spel kan primêr as 'n nie-verbale wyse van kommunikasie beskryf word. Aspekte van nie-verbale kommunikasie wat in spel na vore kom is onder andere liggaamsbeweging, tas, gesigsuitdrukking, oogkontak, toonhoogte van stem asook persoonlike en interpersoonlike gebruik van spasie. Deur hierdie nie-verbale aspekte van spel kommunikeer kinders enersyds belangrike boodskappe binne hul sosiale konteks en andersyds is dit vir kinders 'n wyse waarop hulle hul emosies kan uitdruk. In teenstelling met jong kinders wat volgens Orgun (1973) hoofsaaklik deur middel van spel nie-verbaal kommunikeer en op 'n konkrete wyse fantaseer en dink, kommunikeer die ouers en ouer kinders in 'n gesin primêr verbaal en dink en fantaseer hulle op 'n abstrakte wyse. Andolfi (1979) sien dit as die gesinsterapeut se taak om beide hierdie wyses van kommunikasie en denke te akkommodeer en verstaanbaar te maak binne 'n gesinsterapeutiese situasie.

Die kind se onvermoë om sy ouers se verbale kommunikasie te verstaan, word deur die gebruik van spel in gesinsterapie oorkom. Die rede hiervoor is dat 'n kind betekenis en gevolgtrekkings van spel kan aflei, aldus La Monte Ohlson (1974). Ziegler (1980) sluit by hierdie opinie van La Monte Ohlson aan en hy fundeer die gebruik van spel met kinders in gesinne op Piaget se bevindings dat kinders leer deur konkrete interaksie met hulle omgewing. Soos Ziegler (1980, p. 116) dit stel:

"Children learn through doing. They clarify - through their own experimentation attitudes and strategies for solving problems, as well as coming to know themselves."

Vir die gesinslede wat primêr verbaal kommunikeer, lei die gebruik van spel tot die bewuswording dat alle nie-verbale gedrag in 'n interaksionele situasie kommunikasie is. (Watzlawick *et al.* 1967).

6.2.3 Spel as 'n aanvaarbare interaksie wyse tussen ouer en kind

Die rasionaal wat Jernberg (1979) stel vir die gebruik van gestruktureerde spelaktiwiteite in gesinsverband (Family Theraplay), stem ooreen met die rasionaal soos reeds bespreek vir "Theraplay". Sy is van mening dat die gestruktureerde spelaktiwiteite (vertroeteling, uitdaging, indringing en struktuur) vir die gesin 'n aanvaarbare en effektiewe wyse is waarop hulle hul patologiese interaksies kan verander. Hierdie spelaktiwiteite is ook 'n sinvolle media waardeur hulle met mekaar op 'n nie-verbale vlak kan kommunikeer. Verder lig sy ook toe hoedat die spelaktiwiteite die potensiële bindingsproses wat tussen die ouer en die kind bestaan, weer in werking kan stel by problematiese ouer-kindverhoudings.

6.3 WYSES WAAROP SPEL IN GESINSTERAPIE GEBRUIK WORD

Spel as terapeutiese tegniek word deur skrywers soos Andolfi (1979) en Griff in Schaefer *et al.* (1983), as 'n bruikbare deel van die groter geheel van 'n gesinsterapie beskou en nie as 'n terapeutiese entiteit wat losstaande van die breë raamwerk van gesinsterapie toegepas kan word nie. Soos Andolfi (1979, p. 92) dit stel: "Clearly, play that is activated in a therapeutic session is not an end in itself, but contains the basic premises of a broader therapeutic strategy whose objective is to promote change." Die tegniek word dus in die verloop van 'n gesinsterapie gebruik om definitiewe doelwitte te bereik. Doelwitte wat deur middel van spel in gesinsterapie bereik kan word is onder andere:

- Die akkommodering van die gesinsisteem deur middel van spel
- Die versameling van inligting oor die gesinsisteem deur middel van spel
- Die herstrukturering van die gesinsisteem deur middel van spel

Die doelwitte word vir teoretiese oorwegings so ingedeel, in praktyk is hulle egter oorvleuelend. Vervolgens word hierdie doelwitte volgens Andolfi (1979) bespreek.

6.3.1 Akkomodering van 'n gesinsisteam

Jong kinders in 'n gesin se spelaktiwiteite, bied vir die gesinsterapeut 'n gulde geleentheid om die gesinsisteam te akkomodeer indien die terapeut daarin kan slaag om deur die benutting van die kinders se bewegings en aksies, 'n gemeenskaplike ontmoetingsarea tussen die kinders en volwassenes te skep. Die terapeut moet egter in sy benutting van spel as 'n akkomodasie-tegniek, steeds toepaslik ten opsigte van die gesin in terapie, met hulle in interaksie tree. Soos Minuchin (1974) dit stel, die terapeut moet die gesin se organisasie en styl aanvaar en met hulle saamsmelt deur mimese van hulle interaksies. Die spelaktiwiteite wat gebruik word, moet die gesinslede op hulle gemak stel en 'n wedersydse atmosfeer van vertroue skep.

'n Uitstaande kenmerk van spel as akkomodasie-tegnieke is die uitwerking wat dit het om die terapeutiese konteks positief te herdefinieer, asook om die affektiewe gemoedstemming van 'n gesin so te verander dat dit die terapeutiese proses fasiliteer. Minuchin (1974, p. 133) gee 'n voorbeeld waar hy met 'n tien maande oue baba op die vloer sit en speel het: "The mood of the family changes, and the blaming mother of the soiling identified patient, becomes the proud mother of the active happy infant." Die volgende voorbeeld van Andolfi (1979) illustreer die gebruik van spel as akkomodasie-tegniek ook baie duidelik. Die spesifieke gesin se aanmeldingsprobleem was die vrese en onsekerheid van hul dertienjarige seun. Die vader was egter deurentyd verbaal verwerpend en dié seun het deurentyd passiewe weerstand getoon. Andolfi (1979, p. 91) het die energie wat beide die vader en seun in laasgenoemde gedrag gesit het, konstruktief benut deur hulle 'n "armdruk" speletjie te laat speel:

"A physical confrontation would require active expression of their mutual hostility and direct physical contact, but it would also permit affective contact. The father could demonstrate his 'competence' to his son, and the son could respond by accepting the challenge, thereby

demonstrating selfconfidence. The therapist, by acting as arbitrator, was able to enter more directly into the family system and was accepted by both father and son."

6.3.2 Evaluering van 'n gesinsisteem

Tydens die insamelingsproses van belangrike inligting oor 'n gesinsisteem se struktuur en funksionering, is die terapeut aangewese op die verbale sowel as die nie-verbale inligting wat die gesin bied. Die mate van kongruensie tussen die verbale en nie-verbale boodskappe van die gesin is bruikbare inligting vir die gesinsterapeut. Nie-verbale kommunikasiewyses van 'n gesin openbaar dikwels belangrike interaksies wat die gesinsisteem bepaal. Gesinslede is gewoonlik nie van hierdie gesinsinteraksie bewus nie en/of ook nie in staat om daarvoor te gesels nie. Dienooreenkomstig bied spel ook vir die terapeut die geleentheid om sulke gesinstransaksies waar te neem binne 'n konteks wat kinders op hul gemak stel en die ouers nie die gevoel gee dat hulle geëvalueer word nie, aldus Dare en Lindsay (1979).

Andolfi (1979) sluit hierby aan en is van mening dat bloot die gesinne se reaksies op die intervensie van spel baie inligting oor die gesinfuksionering na vore bring. Belangrike aspekte waarna 'n terapeut kan kyk, is onder andere wie neem eerste inisiatief; wie organiseer die spel en lê die reëls neer; wie word uitgelaat; wie is in watter span; wie neem spontaan deel? Die rigiditeit van die gesinsisteem en/of sy subsysteme kan ook duidelik waargeneem word in die gesinslede se bereidwilligheid om aan toepaslike spelaktiwiteite deel te neem.

'n Duidelike voorbeeld waar 'n spelaktiwiteit gebruik word om meer inligting omtrent die gesin se sisteem te bekom, is die "Sculpting" tegniek, ontwikkel deur Frederick Duhl en medewerkers in die vroeë sewentiger jare (Barker, 1981).

"Sculpting" is 'n gesinsterapeutiese tegniek waardeur die verhoudings tussen gesinslede deur middel van die vorming van 'n fisiese voorstelling afgebeeld word. Die fisiese voorstelling wat deur een van die gesinslede gedoen word, vind plaas deur die rangskikking van die ander gesinslede, elk in 'n kenmerkende posisie binne 'n drie dimensionele ruimte. Die fisiese voorstelling simboliseer die verskeie emosionele posisies van elke gesinslid in verhouding tot elke ander gesinslid, volgens die "beeldhouer" se siening en beleving daarvan. Nadat die "beeldhouer" 'n voorstelling voltooi het en hy homself ook geplaas het binne die voorstelling, word die gesinslede gevra om van hul gevoelens wat hul beleef in die spesifieke fisiese posisie, waarin hul geplaas is, te deel. Dit bied baie bruikbare en konkrete materiaal wat terapeuties deurwerk word.

Verskeie aspekte van 'n gesin kan so uitgebeeld word. Walrond-Skinner (1976) noem dat 'n gesin se huidige funksionering enersyds en hul ideale funksionering (wat dan die terapeutiese doelwitte kan verteenwoordig) andersyds, voorgestel kan word. Gesinsrolle en spesifieke gesinskonflikte kan ook deur 'n gesinslid uitgebeeld word, aldus Andolfi (1979). Die verskeie moontlikhede wat voorgestel kan word, word deur Hearn en Lawrence (1983) volledig opgesom. Hulle is van mening dat 'n gewone gesinsinteraksie (die kyk van televisie), 'n ongewone gesinsinteraksie ('n spesifieke gesinskonflik) of 'n fantasie oor 'n gesinsinteraksie (magsverhoudings), in die verlede, hede of toekoms uitgebeeld kan word. Die terapeut bepaal wie die "beeldhouer" is, op grond van die terapeutiese proses asook die doelwit waarom die tegniek toegepas word. Die rol van die terapeut is hoofsaaklik om die tegniek voor te stel, die "beeldhouer" te ondersteun, die proses te monitor en proseskommentaar te lewer.

6.3.3 Herstrukturering van 'n gesinsisteam

Die herstrukturering van 'n gesinsisteam deur middel van spel, kan op verskeie wyses plaasvind. Volgens Andolfi (1979) kan die realiteit van 'n geïdentifiseerde nie-funksionele

gesinsinteraksie aan 'n gesin geïllustreer word deur dit te omskep in 'n spelsituasie. So 'n spelsituasie kan die gesinslede bewus maak van die beperkings van hul wyses van interaksie en hulle aanmoedig om nuwe wyses van interaksie te eksploreer. Byvoorbeeld as 'n kind in kontrole van sy ouers is en hulle dit nie besef, kan die terapeut die gesin 'n balspeletjie laat speel waar die kind die spelreëls verander net wanneer en soos hy wil. Hierdeur word die ouers op 'n nie-verbale vlak bewus gemaak van hul probleem.

'n Spel situasie kan ook gebruik word in die geval waar die verbale en nie-verbale boodskappe teenstrydig is. Die spel-aktiwiteit word so gestruktureer dat alleen die eksplisiete verbale boodskap gebruik word, terwyl die implisiete nie-verbale boodskap geïgnoreer word. Die gevolg hiervan is dat die teenstrydigheid van die boodskap en die kern van die probleem in die verloop van die spel duidelik na vore kom, sonder dat die gesinslede dit onhanteerbaar traumaties ervaar. 'n Voorbeeld wat Andolfi (1979) gee om hierdie tipe intervensie te illustreer, is een van 'n gesin waarvan die aanmeldingsprobleem hul tienjarige dogter se diefstal was. Die vader se boodskappe aan sy vrou was inkongruent. Verbaal het hy sy vrou geprys dat sy 'n ideale moeder is en nie-verbaal het hy haar geboikot en haar implisiet beskuldig dat haar onvermoë om die kinders op te voed, aanleiding gegee het tot hul dogter se gedragsprobleme. Die terapeut het toe alleenlik die verbale boodskap van die man beklemtoon deur die vrou en die kinders in 'n spelsituasie te plaas, wat sy sowel as die kinders geniet het, terwyl haar man hulle van agter die eenrigtingspieël moes waarneem. Hierdie intervensie het die inkongruensie, wat voorheen verandering in die gesin bemoeilik het, uit die weg geruim.

Die fisies intieme, dog genotvolle gestruktureerde spel-aktiwiteit van Jernberg (1979), bied ook vir die terapeut wye moontlikhede om alternatiewe wyses van interaksies vir 'n gesin moontlik te maak. Navorsingsresultate van Sheedy

(1978) bevestig dat soortgelyke spelaktiwiteite in gesinstherapie terapeutiese verandering gefasiliteer het. Jernberg (1979) se "Family Theraplay" wat slegs die ouers en die geïdentifiseerde pasiënt betrek, kan uitgebrei word na 'n intervensie wat die hele gesin betrek. Na die evaluasie van 'n gesinstruktuur, kan die aktiwiteite sinvol beplan word om die gesin te herstruktuur. Byvoorbeeld in 'n gesin waar 'n vader se outoriteit ondermyn word, kan die vader se outoriteitsrol herbevestig word deur 'n eenvoudige speltjie soos "volg-die-leier" te speel, met die vader as leier. Indien daar 'n "swartskaaipro" aan 'n kind in die gesin toegewys is, kan die kind byvoorbeeld deur die res van die gesin, in 'n kombes gewieg word.

6.4 BEPLANNING VAN SPELAKTIWITEITE VIR GESINSTERAPIE

Noukeurige beplanning is 'n vereiste om spelaktiwiteite as 'n suksesvolle intervensie in gesinstherapie te gebruik. Die beplanning hang primêr van die spesifieke gesin se sosiale konteks, ontwikkelingsfase, interaksies en struktuur af. Hieruit volg dit logies dat 'n spelaktiwiteit toepaslik moet wees vir die kultuur en ontwikkelingsfase waarin 'n gesin hom bevind. Vir 'n gesin met kinders in adolessensie en vroeë volwassenheid, is dit byvoorbeeld ontoepaslik om mekaar in 'n kombes te wieg. Die gesin se spesifieke gesinstruktuur sal bepaal watter gesinslede aan 'n spesifieke spelaktiwiteit deelneem. 'n Oorbetrokke moeder kan byvoorbeeld vir 'n paar sessie uitgesluit word. Die spesifieke stadium van terapie wanneer die spelaktiwiteite geïmplimenteer word, is ook belangrik. Ook die doel waarom spel gebruik word, soos reeds hierbo bespreek.

Daar is egter bo en behalwe bogenoemde aspekte, 'n aantal wenke wat ingedagte gehou moet word by die beplanning van aktiwiteite. Beide die ouers en die kinders moet sover as moontlik betrek word in die skep van die spelaktiwiteite. Daardeur word veral die ouers se rol dadelik verander van 'n passief waarnemende ouer, tot 'n aktief deelnemende ouer,

aldus Griff in Schaefer (1983). Deurdat die terapeut nie te sentraal is in die proses nie, kan die veralgemening van hierdie intervensie na die gesin se alledaagse lewe, vinniger plaasvind.

Dit is ook belangrik om slegs op een, hoogstens twee, spesifieke doelwitte per sessie te fokus. Deur die langtermyn doelstelling op te breek in klein hanteerbare en maklik bereikbare stappe, kan die gesin vinniger progressie sien en suksesvolle verandering beleef.

'n Belangrike aspek wat baie duidelik in Jernberg (1979) se werk na vore kom, is die feit dat die spelaktiwiteite vir die gesin positief en genotvol moet wees. Hierdie aspek word deur verskeie skrywers beklemtoon. (Andolfi, 1979; Griff, 1983; La Monte Ohlson, 1974 en Sheedy, 1978). Soos reeds bespreek is dit 'n deurslaggewende faktor om die terapeutiese konteks positief te herdefinieer asook om die gesin se gemoedstemming terapeuties te verander.

Die hulpmiddels wat in die spelaktiwiteite gebruik word, moet eenvoudig en hanteerbaar wees, aldus La Monte Ohlson (1974). Jernberg (1979) beklemtoon dat hulpmiddels tot die absolute minimum beperk word sodat dit impliseer dat die gesinslede primêr die belangrikste spelobjekte moet wees.

Die belangrikste aspek wat die gesinsterapeut in die beplanning van spelaktiwiteite in gedagte moet hou, is dat die spelaktiwiteite nie as sodanig die fokus is van die gesinsterapie nie. Dit is die nie-verbale en interaksionele aard van die spelaktiwiteite wat terapeuties benut word.

6.5

DIE ROL VAN DIE TERAPEUT

Die terapeut wat spel as terapeutiese intervensie in gesinsterapie gebruik, vertolk 'n terapeutiese rol met verskeie fasette. Hy moet dikwels die rol van gesinsterapeut, opvoeder, spelfasiliteerder, model en speler vertolk. Die terapeut moet dus maklik van rol kan verander. Essensieel in die

opleiding van so 'n terapeut is dat hy onderlê moet wees in die beginsels van sowel gesinsterapie as speltherapie.

Deur die gebruik van spel in gesinsverband (dit wil sê met volwassenes en kinders) kan sommige terapeute meer blootgestel voel as wanneer hulle individuele speltherapie met 'n kind alleen doen. Dit is egter belangrik dat die terapeut gemaklik en selfversekerd voel om aktief en direktief betrokke te wees in spelaktiwiteite, aldus Griff in Schaefer *et al.* (1983). Die mate van selfvertroue waarmee die terapeut as model en spelfasiliteerder optree, bepaal ook direk die terapeutiese impak van spel as intervensie.

Griff in Schaefer (1983) bespreek hoe die rol van die terapeut verander soos die terapeutiese proses in geheel verloop. Gedurende die eerste aantal gesinsessies verskil die terapeut se rol weinig van die van ander gesinsterapeute en behels onder andere die aansluiting by die gesin, die evaluering van die gesin en die strukturering van die terapeutiese situasie. Indien spel gebruik word by die aansluiting by en evaluering van die gesin, verskil die terapeut se rol slegs daarin dat hy/sy dit op 'n meer nie-verbale wyse doen as wat gewoonlik die geval is. Indien die gebruik van spel as primêre intervensie wyse hierop volg, verander die rol van die terapeut na 'n meer aktiewe en direktiewe rol. Die terapeut modelleer nuwe wyses van interaksie, kommunikasie en vaardighede. Die terapeut se rol as opvoeder deur *in vivo* modellering, kom nou ook na vore. Teen die einde van terapie word die gesinslede meer aktief in die beplanning en implimentering van spelaktiwiteite betrek. Die terapeut se rol word dan beperk tot die ondersteuning van die gesinslede, die versterking van funksionele gedrag en die lewer van direkte proseskommentaar.

6.6 SPEL IN GESINSTERAPIE MET 'N DOWE KIND

Soos reeds bespreek in die vorige hoofstukke, is die gebrekkige kommunikasie tussen horende en dowe gesinslede 'n uitstaande faktor wat hul gesinsfunksionering bemoeilik. Soos die horende voorskoolse kind, het dowe kinders 'n verskraalde taalvermoë en 'n beperkte vermoë om verbale kommunikasie te begryp. Om hierdie rede word die proses van gesinsterapie, waar hoofsaaklik van verbale kommunikasie wyses en intervensies gebruik gemaak word, bemoeilik indien daar 'n dowe kind betrokke is. Die dowe kind se teenwoordigheid in gesinsterapie is egter essensieel, omdat die kind 'n integrale deel vorm van die gesinsisteem. Soos bespreek in die vorige hoofstuk oor die gesin van 'n dowe kind, vertolk kinders met 'n gestremdheid soos byvoorbeeld doofheid, dikwels belangrike gesinsrolle in hul gesinne en hul gesinne se problematiek. Ook is dowe kinders, soos ander kinders, goeie indikaturs van die affeksionele toestand van 'n gesin. Gevolglik is die teenwoordigheid van die dowe kind, meer nog, die sinvolle betrekking van die dowe kind by die proses van gesinsterapie, essensieel vir die oplos van nie-funksionele gesinsinteraksies.

Waar 'n horende gesin met 'n dowe kind, veral 'n voorskoolse of 'n laerskoolse dowe kind, in gesinsterapie is, blyk spel en ander nie-verbale terapeutiese tegnieke aangewese te wees om 'n dowe kind sinvol te betrek in gesinsterapie. Deur die gebruik van spel en ander nie-verbale tegnieke, word die inherente vermoë van die dowe kind om nie-verbaal te kan kommunikeer, ten volle benut. Dié vermoë van die dowe kind word deur die gebruik van spel binne gesinsverband positief herdefinieer. Hierdeur word alle gesinslede ook meer bewus gemaak van hul eie nie-verbale kommunikasie. In die gesinsterapie waar spel primêr as die wyse van intervensie gebruik word, akkommodeer die terapeut dus beide verbale en nie-verbale kommunikasie. Die terapeut skep dus 'n gemeenskaplike ontmoetingsarea tussen die horende en dowe gesinslede, deur herhaaldelik te fokus op nie-verbale kommunikasie deur middel van spel.

In die beplanning van die spelaktiwiteite vir 'n gesin met 'n dowe kind, moet die terapeut dieselfde aspekte in gedagte hou soos wat vroeër bespreek is in hierdie hoofstuk. Jernberg (1979) se fisies intieme gestruktureerde spelaktiwiteite leen hulle egter uitstekend daartoe om met 'n dowe kind gebruik te word binne gesinsverband. Die aktiwiteite is, soos reeds genoem, 'n nabootsing van die interaksie tussen die moeder en kind in die pre-verbale en pre-simboliese stadium, naamlik die eerste ses maande van die kind se lewe. Soos dit navore gekom het in die bespreking van 'n dowe kind se interaksies met sy moeder gedurende hierdie stadium, reageer 'n dowe kinders dan heel toepaslik op die stimuli van hul ouers, omdat die normale stimuli in daardie stadium primêr visuele en taktiele stimuli is. Deur hierdie spelaktiwiteite (wat Jernberg indeel in vertroeteling, uitdaging, indringing en struktureering) te gebruik as 'n riglyn waarvolgens aktiwiteite vir dowe kinders beplan word, word die dowe kind se volle potensiaal tot kommunikasie benut.